Graad 2: Maandag, 20 April 2020

Afrikaans	
Klanke: aai	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. haaivin, laaikas: haai + vin ; laai + kas ; uit + saai ; blok + raai ; taai + bos ; kaai + muur ; baai + broek ; weg + waai
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets. (Onthou: Jy moet elke dag jou geheuesin neerskryf, net soos wanneer jy dit vir huiswerk gekry het.)
Lees & Begrip	Lees die leesstuk oor Seisoene en beantwoord dan die vrae daaroor. (Werkvel 1)
Taalwerk: Leestekens	Skryf 2 sinne met aai – woorde. Elke sin moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.
Wiskunde	
Tel mondelings	Julle moet elke dag net hardop tel, dit moenie neergeskryf word nie! Tel aan in 1'e van 100 – 120. Tel terug in 1'e van 80 – 60.
Getalle & bewerkings	Skryf die getalname (bv. vier en dertig): 17, 28, 35, 46, 59 Skryf die getalsimbole (bv.45): drie en sestig, twee en tagtig, vyftien
Woordsom	(Sien matboekie vir voorbeelde van hoe ons hierdie somme doen.) Mamma koop 14 paaseiers. Sy deel dit tussen 3 maats. Hoeveel **paaseiers** kry elkeen en hoeveel **bly oor**?
Konsep van die dag: 2D, 3D - vorms	2D en 3D: Maak seker jy ken al hierdie vorms en voorwerpe wat op die bladsy in jou huiswerkflippie is. Kyk watter van hierdie vorms en voorwerpe kan jy alles in jou huis raaksien.
Lewensvaardigheid	
Seisoene	Ons gaan meer leer oor seisoene. Gaan loer na die inligtingstuk oor seisoene om meer uit te vind oor die 4 seisoene. (Werkvel 1)

Graad 2: Dinsdag, 21 April 2020

Engels	
Phonics: f - sound	Woorde op bl. 8 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat.
Sentence	Skryf die sin op bl. 8 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading	Leesstuk nommer 9 op bl. 38 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees.
Speaking & Vocabulary	Ken u kind hierdie kleure? grey, brown, pink, black, purple, orange, blue, green, yellow, red
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 2's van 40 – 60. Tel terug in 2's van 100 – 80.
Getalle & bewerkings	Doen die volgende somme (mondelings of skriftelik): 11 + 0 = ; 17 – 2 = ; 14 + 3 = ; 9 – 7 = ; 13 + 2 = ; 10 – 2 = ; 5 + 4 = ; 8 – 5 = ; 16 + 3 = ; 6 – 6 =
Woordsom	Ek het 25 koekies en sussie het 12 meer as ek. Hoeveel **koekies** het sussie?
Konsep van die dag: Getal 11	Vandag gaan ons 'n bietjie kyk na getal 11. In jou huiswerkflippie is daar 'n takie oor Getal 11. Voltooi daardie takie om jou te help om getal 11 sommer goed te leer ken. Daar waar staan *ontbind: tiene en ene*, werk dit so: 11 = 10 + 1 → t 1 + e 1 (*t* staan vir tiene, daar is 1 tien in 11 en *e* staan vir ene, daar is 1 ene in 11).
Lewensvaardigheid	
Seisoene	Vandag leer ons meer oor Herfs. (Werkvel 2)

Graad 2: Woensdag, 22 April 2020

Afrikaans	
Klanke: ooi	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. uitnooi, optooi: pop + mooi ; uit + nooi ; hout + kooi ; op + tooi ; bloed + rooi ; hooi + vurk ; skaap + ooi ; weg + gooi
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets.
Lees & Praat	Lees die leesstuk oor Winter (Werkvel 3) en vertel dan in jou eie woorde vir Mamma/Pappa wat jy alles oor Winter geleer het.
Taalwerk: Leestekens	Skryf 2 sinne met ooi – woorde. Elke sin moet met 'n hoofletter begin en met 'n vraagteken eindig.
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 5'e van 70 – 110. Tel terug in 5'e van 60 – 45.
Getalle & bewerkings	Tel weer in 2's tot by 20 en in 5'e tot by 50 voor jy hierdie somme (mondelings of skriftelik) doen: 1 X 2 = ; 4 X 5= ; 7 X 2 = ; 2 X 5 = ; 5 X 2= ; 8 X 5 = ; 3 X 2 = ; 6 X 5 = ; 9 X 2 = ; 10 X 5 =
Woordsom	Hoeveel **pote** het 5 honde?
Konsep van die dag: Verdubbel	Van nou af gaan ons verdubbelsomme soos volg uitskryf, bv. verdubbel 24: 24 = 20 + 4 40 + 8 = 48 Ons ontbind(herbenoem) eers die getal 24, dan verdubbel ons die tiene(20) en daarna verdubbel ons die ene(4). Nou tel ons dit bymekaar om die antwoord te kry. Oefen nog somme (Werkvel 6).
Lewensvaardigheid	
Seisoene	Vandag leer ons meer oor Winter. (Werkvel 3)

Graad 2: Donderdag, 23 April 2020

Afrikaans	
Klanke: oei	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. roeiboot: koei + melk ; ge + loei ; roei + boot ; foei + tog ; voet + boei ; snoei + skêr ; dood + bloei
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets.
Lees & Skryf	Lees die leesstuk oor Lente (Werkvel 4). Skryf nou jou eie paragraaf (2 – 3 sinne is genoeg) oor Lente. Onthou om in jou eie woorde te skryf en nie die leesstuk af te skryf nie.
Taalwerk: Leestekens	Sê (skreeu) vir Mamma/Pappa 2 sinne met oei – woorde. Elke sin moet met 'n hoofletter begin en met 'n uitroepteken eindig.
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 10'e van 0 – 120. Tel terug in 10'e van 120 – 0.
Patrone	Vandag leer ons nuwe woordeskat aan: **herhalende** patrone en **groeiende** patrone. Dit word verduidelik op Werkvel 8.
Woordsom	Ek het R10 in my beursie. Ek koop 'n roomys van R2.50. Hoeveel kleingeld (R) kry ek? Indien u onseker is oor die metode vir hierdie som: R10 – R2.50 R10 – R2 → R8 – 50c = R7.50
Konsep van die dag: Halveer	Van nou af gaan ons halveersomme soos volg uitskryf, bv. halveer 86: 86 = 80 + 6 40 + 3 = 43 Ons ontbind(herbenoem) eers die getal 86, dan halveer ons die tiene(80) en daarna halveer ons die ene(6). Nou tel ons dit bymekaar om die antwoord te kry. Oefen nog somme (Werkvel 7).
Lewensvaardigheid	
Seisoene	Vandag leer ons meer oor Lente. (Werkvel 4)

Graad 2: Vrydag, 24 April 2020

Afrikaans	
Klanke: eeu	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. leeuhok, eeufees: leeu + hok ; eeu + fees ; see + meeu ; spreeu + nes ; uit + skreeu ; sneeu + man
Geheuesin	Ek ry vinnig op my nuwe fiets. (Maak dit deel van die klanketoets.)
Lees	Lees die leesstuk oor Somer (Werkvel 5). Oefen totdat jy dit mooi vlot kan lees sonder om vas te haak by die moeilike woorde.
Taalwerk: Leestekens	Skryf 2 sinne met eeu – woorde. Elke sin moet met 'n hoofletter begin en moet 'n komma inhê. Onthou: 'n Mens gebruik ook 'n komma voor "want" en "maar".
Klanketoets	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou enige 10 saamgestelde woorde te vra uit die woorde wat ons hierdie week geoefen het. Kyk of jy volpunte kan kry vir jou toetsie. Onthou van die geheuesin!
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 3's van 0 – 30. (Heelwat leerders sukkel nog hiermee, so dit kan goed vasgelê word.)
Getalle & bewerkings	Voltooi die volgende getalpatrone: 86, 84, ___, ___, ___ ; 4, 8, ___, ___ 53, 55, ___, ___, ___ ; 70, 69, ___, ___, ___ ; 21, 24, ___, ___, ___
Woordsom	Biebie het 24 lekkers. Sy eet 11 lekkers op. Hoeveel **lekkers** bly oor?
Konsep van die dag: Analoogtyd	Tyd op die analooghorlosie: half, uur, kwart oor, kwart voor Jy kan dalk sommer op die horlosie in jou flippie oefen met 'n potlood of met 'n witbordpen op die sakkie skryf sodat jy dit weer kan uitvee. Speletjie: Wys deur die loop van die dag vir Mamma/Pappa op die horlosie as jy sien dit is bv. half 3, 2 uur, kwart voor 8, kwart oor 6 (Werkvel word voorsien vir verdere vaslegging – Werkvel 9) Onthou: uur = 60 minute; halfuur = 30 minute; kwartier = 15 minute
Lewensvaardigheid	
Seisoene	Vandag leer ons meer oor Somer. (Werkvel 5)

Liewe Graad 2 – Ouers

Ons gaan weekliks ook addisionele werkvelle aanheg wat u opsioneel met u kind kan doen indien daar dalk ekstra tyd is. Hierdie addisionele werk is geensins verpligtend nie. Dit is wel sinvolle werk wat ons in die klas of vir huiswerk sou doen. U kind gaan dus steeds iets leer indien hy/sy dit wel wil doen, dit is nie net sommer ietsie om hulle mee besig te hou nie, dit is werk wat sinvol kan help met vaslegging en hersiening. U kan hierdie ekstra takies volgens u eie oordeel gebruik. U is welkom om ook net sekere takies uit te kies indien u so verkies. Die werkvelle wat genommer is, moet u asseblief almal doen.

Ons wil net weer beklemtoon dat daar van niemand verwag word om enige iets uit te druk (*print*) nie. Ons besef almal het nie toegang tot 'n printer nie. U is welkom om die werk sommer net in 'n boek of op 'n bladsy te doen indien u dit nie kan/wil uitdruk nie. Die belangrikste is dat die kinders die werk doen, hoé en waarop hulle die werk doen, maak nie op hierdie stadium veel saak nie.

Ons gaan ook probeer om vir u 'n paar skakels te plaas van relevante videos op *Youtube* wat van toepassing is op die week se werk. Hierdie videos is glad nie verpligtend nie – ons besef almal het nie onbeperkte toegang tot die internet nie. Dit is net nog iets wat u met u kind kan doen indien u graag wou. Dalk wil u net die aspekte uitkies waarmee u kind nog sukkel of wat u nie lekker verstaan nie. Hierdie videos is net nog 'n manier waarop leerders dalk speel-speel kan leer.

Moenie vergeet van die leeslyste nie! Die leerders kan steeds volhou om boeke op hul leeslyste te plaas. Indien u kind se leeslys vol is, kan u sommer 'n nuwe lysie maak op die volgende wit bladsy agter in die boodskapboekie. As u nie genoeg leesboekies by die huis het nie, maak gerus gebruik van resepte, koerant- of tydskrifartikels of enige ander leesstof wat u tuis opspoor.

U is welkom om die opvoeders per e-pos te kontak rakende die werk wat ons vir u gee in hierdie tydperk van afstandsonderrig. Ek heg weer elke opvoeder se e-pos adres aan sodat u die betrokke klasopvoeder direk kan kontak indien u onseker is:

2.1 → Juffrou Natasha → nmarais@laerskoolmikro.co.za
2.2 → Juffrou Renita → rnieuwoudt@laerskoolmikro.co.za
2.3 → Juffrou Thea → tvisser@laerskoolmikro.co.za
2.4. → Juffrou Marié → mjvvuuren@laerskoolmikro.co.za

Hierdie is vir almal van ons 'n leerskool. Ons glo dat ons as opvoeders en ouers heerlik sal saamwerk om die kinders te help sover as wat ons moontlik kan.

Vriendelike groete

SKAKELS NA YOUTUBE VIDEOS

Afrikaans:

Klanke aai/ooi/oei/eeu: https://youtu.be/tNSANLaNCcs

Skryf van 'n storie: https://youtu.be/3U0-PgI9MMw

Wiskunde:

2D/3D: https://youtu.be/m3rzq_if3cg

Getal II: https://youtu.be/NmAWobsCNIY

Verdubbel: https://youtu.be/cw-qSiEKU30

Halveer: https://youtu.be/i0pwseKlAeE

Tyd: https://youtu.be/0B1TF1IClig

Engels:

f – sound: https://youtu.be/OnNARMqvTVk

Colours: https://youtu.be/ybt2jhCQ3lA

Werkvel 1: Seisoene

Daar is vier seisoene in 'n jaar: Somer, Winter, Herfs en Lente. Elke seisoen is 3 maande lank. Somer is in Desember, Januarie en Februarie. Dit is herfs in Maart, April en Mei. In Junie, Julie en Augustus is dit winter. Die lente val in September, Oktober en November.

Beantwoord nou die vrae oor hierdie leesstuk:

1. In watter seisoen verjaar jy?

2. Watter seisoen val in Januarie?

3. Watter 3 maande is dit Lente?

4. Hoeveel seisoene is daar in 'n jaar?

5. Hoe lank is elke seisoen?

Werkvel 2: Herfs

Dit raak koeler. Die blare begin verkleur en van die bome afval. Party voëls trek na warmer plekke toe – ons sê hulle migreer. Sommige diere begin kossies vir die winter wegbêre. Die blare van die bome begin geel, bruin, rooi en oranje word. Die gras begin bruin word.

Werkvel 3: Winter

Dit raak koud. In sommige plekke ryp en sneeu dit. Die dae is kort en die nagte is lank. Sommige diere slaap deur die hele winter – ons sê hulle hiberneer. Diere bly warm omdat hulle pels dikker word.

Werkvel 4: Lente

Dit raak warmer. Die plante begin groei en die bome bot. Voëls begin neste bou en eiers lê. In die lente begin die bloeisels bot. Ons sien meer voëls en bye en meer blomme en nuwe blare. Die boere skeer hulle skape.

Werkvel 5: Somer

Die weer is sonnig en warm. Die dae is lank en die nagte is kort. Ons bly koel deur te swem of in die skaduwee te sit. In die somer pluk die boere hul vrugte. Op baie plekke reën dit swaar en daar is weerlig en donderstorms. Gras, bosse en blomme groei weliger en bome word hoër.

Werkvel 6: Verdubbel

34 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	11 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
53 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	45 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
22 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	63 = ____ + ____ ____ + ____ = ____

Werkvel 7: Halveer

28 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	64 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
14 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	82 = ____ + ____ ____ + ____ = ____
42 = ____ + ____ ____ + ____ = ____	28 = ____ + ____ ____ + ____ = ____

Werkvel 8: Groeiende en herhalende patrone

'n **Herhalende patroon** beteken dieselfde vorms word oor en oor gebruik. Dit word herhaal, bv: □○□○□○

1. Voltooi die volgende herhalende patrone:

△○□△○□
△△○△△○

'n **Groeiende patroon** beteken die vorms word meer. Hulle groei, bv:

□○□□○□□□ of □○□□○○□□□

(Kyk mooi! Soms groei net een vorm en soms groei al die vorms.)

2. Voltooi die volgende groeiende patrone:

□○□□○□□□○
△○△△○○△△△
○○□○○□□
△□□△△□□△△△

3. Ontwerp jou eie **herhalende** patroon. Gebruik driehoeke en sirkels.

4. Ontwerp jou eie **groeiende** patroon. Gebruik vierkante en sirkels.

Werkvel 9: Analoogtyd



kwart voor 5



8 uur



kwart oor 11



half 10



4 uur



kwart voor 11













ADDISIONELE WERKVEL

1. Getalsimbole

honderd en twee		vier en sestig	
drie en veertig		honderd drie en vyftig	
vyf en dertig		een en negentig	
nege en sewentig		ses en tagtig	
negentien		sewe en twintig	

2. Kombinasies tot 20

18 – 3 =	16 – 3 =	13 + 3 =	20 – 3 =
11 + 4 =	19 – 5 =	15 + 4 =	14 + 3 =
10 + 4 =	16 – 2 =	12 + 3 =	13 + 2 =
14 + 5 =	12 + 4 =	17 – 4 =	19 – 3 =
17 – 2 =	20 – 4 =	18 – 4 =	15 + 2 =

3. Tafels

1 X 2 =	7 X 2 =	8 X 2 =	7 X 5 =
5 X 5 =	9 X 5 =	1 X 5 =	6 X 2 =
4 X 2 =	4 X 5 =	3 X 2 =	9 X 2 =
3 X 5 =	10 X 2 =	5 X 2 =	6 X 5 =

4. Getalname

19	
23	
44	
31	

ADDISIONELE WERKVEL

5. Rangskik van groot na klein:

25	72	14	61	38
83	50	13	19	49
32	96	28	74	51
27	98	89	72	72

6. Rangskik van klein na groot:

94	12	37	81	14
56	70	65	39	79
24	81	23	46	98
31	64	46	13	11

7. Skeppende skryfwerk

   Skryf 'n storie oor jou Paasnaweek. Gesels 'n bietjie met Mamma of Pappa om te onthou wat julle alles gedoen het. Onthou: 'n Storie het 'n begin, middel en einde. Probeer om nie elke sin met "*En*" of "*Toe*" of "*En toe*" te begin nie.

ADDISIONELE WERKVEL

8. Begripstoets: Die partytjie

   Nina is sewe jaar oud. Dit is Vrydag haar verjaarsdag. Sy is in graad 2. Nina woon saam met haar ma en haar hond, Ore. Sy dink Ore is die slimste hond in die wêreld. Nina gaan 'n partytjie hou op haar verjaarsdag. Sy mag 15 maats nooi. Dit gaan 'n verfpartytjie wees. Nina hou baie van toffies en daar gaan baie toffies wees. Nina hoop dat sy 'n teddiebeer by haar ma gaan kry. Sy is dol oor teddiebere.

Hoe oud is Nina nou?

Hoe oud gaan sy word wanneer sy verjaar?

Wanneer verjaar sy?

Wat is Nina se troeteldier se naam?

Watter soort partytjie gaan Nina hou?

Van watter lekkergoed hou Nina baie?

Hoeveel maats mag Nina uitnooi?

Hoe dink jy gaan Nina voel as sy 'n teddiebeer kry? Hoekom sê jy so?